Die pyn van transformasie - ‘n Getuienis

Frik Smith
Driehoek

We are like moths who can’t resist the bright lamp
Thomas Moore

In die boom buite my venster kan ek ten minste een kokon sien hang. Wat binne die kokon gebeur, is ‘n misterie. Die ruspe sal oplos in ‘n vormlose, sopperige massa, om uiteindelik omvorm te word in ‘n skoenlapper. ‘n Getuienis oor die pyn van transformasie kan alleen vanuit ‘n baie persoonlike belewing beskryf word. Daar was baie helder lampe in die kerk wat vir my onweerstaanbaar was. Tot een goeie dag, toe die son die was van my Ikarus-vlerke gesmelt het.

Byna tien jaar gelede, kry ek ‘n anonieme oproep. Iemand dreig my om van ‘n bepaalde kommissie te bedank, anders sou hy bekendmaak dat ek in ‘n gayverhouding was gedurende my weermagjaar. Terloops, dit was net na matriek. Min het ek geweet watter skade, skande en vernedering dié telefoonoproep tot gevolg sou hê. Dit was skaars verby toe ‘n persoon my *sapiena* om in die hooggeregshof te verskyn, omdat ek volgens hom ‘n aandeel sou hê in sy egskeiding. ‘n Paar maande gelede word ek van leerdwaling aangekla - naamlik dat ek sinkretisme beoefen.

Ek wil nie die pyn daarvan rasionaliseer tot iets sinvols, dit kanoniseer of daarvan ‘n deug maak nie. Wat ek wel ontdek het, is dat nadat al die monsters uit my Pandora-binneste tot openbare vertoon geruk is, daar heel onder in die boks iets oorgebly het – hoop!

Hierdie drie gebeurtenisse het daartoe gelei dat ek ‘n kleintjie dood ontwikkel het aan enige godsdienstigheid wat my wil wegvoer na ‘n *getting high with Jesus*. Dié soort van godsdienstigheid is te lig vir my morele en menslike kompleksiteit. Ek het ontdek, gelowig-wees is om lojaal te bly aan die lewe, desondanks wat gebeur. My sentimentele geloofsekerheid dat alles op die ou end sal uitwerk, het plek gemaak vir vertroue dat die misterie van die lewe wat ons omhul, betekenis het.

Ek wil nie die pyn daarvan rasionaliseer tot iets sinvols, dit kanoniseer of daarvan ‘n deug maak nie.

Ek glo minder, maar vertrou meer. Twyfel, het ek besef, is dalk nie my grootste probleem nie, maar eerder my gebrek aan belangstelling in enigiets wat anderkant die onmiddelike bevrediging van die moment lê. Vandag verkies ek Hompie Kedompie se stukke, bo die vlerke van Ikarus. Diep bewus van *the moth who can’t resist the bright lamp* wat ook in hierdie getuienis lê, is ek vryer om te praat vanuit hierdie laer posisie oor die pyn van transformasie.



Wehrner Lemmer

Transformasie is ‘n misterie van dekonstruksie en rekonstruksie. Jy gaan slaap een aand en die volgende dag as jy wakker word, weet jy: niks sal ooit weer dieselfde wees nie. Die reëls waarvolgens jy die wêreld gister verstaan het, werk nie

meer nie. Jou geloof en wat jy gister geglo het, stort in duie. Laastens, stort jou God ineen. In die proses het ek egter ontdek dat dit mý reëls, mý geloof, mý God is, wat in duie gestort het. Die versoeking om God volgens ons beeld te maak – in plaas van andersom – is immer teenwoordig.

Gelowig-wees is om lojaal te bly aan die lewe, desondanks wat gebeur.

Waartoe het die pyn van transformasie my gebring?

- Dat God dikwels ons kokonne moet oopbreek, ten einde ons uit te lig uit ons eindigheid en self-absorberende angstigheid.
- Dat skande 'n geopende venster kan word en vernedering ou hard-nekkige blokkasies kan verwyder.
- Dat ons die naaste aan onsself kom, wanneer ons die Gees toelaat om ons uiteen te ruk, te ontmantel, ons planne en verstaansraamwerke te ontwrig en ons oor te maak vanuit die fondament van ons bestaan.
- Dat niks meer uitdagend is – en niks minder sentimenteel is – as die uitnodiging van die Gees om te word wat ons is en nie wat ons dink ons behoort te wees nie.
- Dat ons nie iemand hoef te wees ten einde voldoening te ervaar nie.
- Daar is geen menslike heroïek in God se transformasieproses nie, want aan alles wat ons loslaat, kleef daar kloumerke. Ons kan daaroor kla, maar daar is iets daarin om met jou verlies saam te gaan en daardeur gevorm te word.

Transformasie is immers nie die opklaring van pyn nie, maar grens eerder aan metamorfose en die omhelsing van ons bestaan voor God, sonder dat dit verdun word tot blote verbetering of redding.

In die plek van 'n fiksasie op Jesus, het ek deur die pyn van transformasie geleer om die lewe deur die oë van Jesus te sien.

- Christus-transformasie is nie bloot 'n taktiese skuif nie. Dit loop deur die wêreld, nie om die wêreld nie. As Paulus 'n Jood vir die Jode word, gaan dit oor inkarnasie (1 Kor 9:19 ev) en *kenosis* (Fil 2:5 ev) – 'n transformasie wat beteken om onsself te ontledig *and to become slaves to a greater design* (Thomas Moore) en 'n *kenosis* waarin die self geoffer word.
- Dit kan ons net doen as ons uit die hoofstroom na die kantlyn swem waar die Jode, diegene onder die wet en buite die wet en die swakkes is.

Die pyn van transformasie het my gehelp om my hubris op te offer en te streef na 'n meer egte houding van menslikheid.

- Ek het geleer om my fantasieë van 'n glorieryke toekoms prys te gee en te lewe met groter inagneming van die gemeenskap en natuurlike wêreld. Die pyn van transformasie het ou kanale geopen waardeur ek oper en eerliker met ander kan praat - moontlik vir die heel eerste keer in my lewe.

Sal ons nie die Een wat 'n ruspe dekonstrueer tot 'n papie, ook vertrou vir die totale rekonstruksie van 'n papie na 'n skoenlapper nie? Transformasie is immers nie die opklaring van pyn nie, maar grens eerder aan metamorfose en die omhelsing van ons bestaan voor God, sonder dat dit verdun word tot blote verbetering of redding.



Foto: image@imagez.nl